(2) "If civilisation meant anything, it entitled them, as they advanced, to a gradually increasing share in the life which hitherto had been the sole prerogative of the White man." Does your writer not know that our "Handbook for Better Race Relations" printed in 1963, on page 2, states, "The United Party will act on five fundamental principles" and the first one is "that all races must SHARE" (the very word used by your writer) "the civilisation built up here under European leadership with the co-operation of the Non-European people." I would like to ask your writer whether this is a "fundamental principle" of the Nationalist Party as well?

(3) "A question, such as why had no attempt been made in the past to create a Middle Class amongst the indigenous population, *is never asked*" and again, "No country with a well established middle class has as yet succumbed to Communism." Mr. Editor, these are two aspects on which the Leader of the Opposition speaks at length in every major speech that he makes. If I were to quote these references from Hansard, they would fill a page. Again I ask your writer to turn to page 7 in the Handbook. Under ii, "Urban Bantu will be given a stake in the maintenance of law and order by: *c)* actively fostering the emergence of a responsible middle class as a bulwark against agitators." In fact precisely what your writer wants, but does not know is basic in United Party policy and clearly set out for anyone to read. Can your writer quote anything similar from Nationalist Party literature?

(4) "Job reservation and other restrictive measures . . . " Here, Sir, your writer shows abysmal ignorance, if he maintains that the United Party supports job reservation. Surely he has heard enunciated from every United Party platform our principle of the "rate for the job"! How then can he possibly claim that *"in all essentials"* the Parties are the same, when on page 7 under d) we proclaim "the *abandonment* of job reservation."

(5) "(African) leaders should be allowed to put their grievances before the powers that be." Here again, for everyone who really wishes to know where we stand, we state on Page 5 of the Handbook, "The United Party will establish machinery for consultation with the non-white peoples at all levels to promote: understanding of the issues facing the country; and co-operation between the people of all races." On Page 2 it is just as clearly stated as the third of our five fundamental principles — "We believe that consultation at all levels and participation in the machinery of Government by all peoples in South Africa are essential for successful government." Could your writer quote anything similar from any Nationalist publication setting out their Native Policy? And if he can't, it ill-behoves your writer to alienate members of the United Party through his unfounded criticisms.

As a subscriber of some years standing, I am more than distressed that A. H. Clutton should have used "Pro Veritate" to propagate such misleading statements. I leave it to your readers to decide for themselves in view of all the foregoing, who it is, who "finds it easy to delude himself" and also evidences "a sense of moral rectitude and a smug complacency", — your writer's words, Sir, not mine! His groundless and totally incorrect statements bring no credit to "Pro Veritate".

# BRIEF AAN MY SEUN

*'n Seun, wat die leeftyd bereik het om openbare belydenis van sy geloof af te lê en wat dooplidmaat van die Ned. Geref Kerk is, vra sy vader se raad in verband met sy voorneme om lidmaat van die Metodiste Kerk te word. Die brief wat sy vader daarop aan hom gerig het, is aan Pro Veritate oorhandig met toestemming om dit te plaas.*

My liewe seun,

Dankie vir jou welkome brief; dit het my ou hart goed gedoen om weer van jou te hoor.

Ek is dankbaar om te verneem dat dit nog goed gaan met jou daar op kosskool, en geluk ook met die onlangse atletiek-prestasie — mag jou akademiese prestasies nie te ver daarby afsteek nie!

Wat jou navraag omtrent die moontlikheid van aansluiting by die Metodistekerk betref, kan ek eerstens maar net sê dat ek geen beginselbeswaar hoegenaamd daarteen het nie: die Metodiste (veral hul jonger predikante) is 'n op-en-wakker klomp en ek het die hoogste agting vir hul beginsels en werksaamhede.

Die vraag wat egter by my opkom is: wat is jou werklike motief vir 'n ommeswaai van die N.G. na die Metodistekerk? Indien dit 'n werklike positiewe rede is, is daar natuurlik niks verder daaroor te sê nie. Indien dit egter 'n wesenlik negatiewe is (ontevredenheid met ons eie kerk, rebelsheid, afkeer in jul plaaslike leraar, blote persoonlike gerief of iets dergeliks) sou dit goed wees om nog 'n maal oor die hele saak na te dink. In 'n groot beginselkwessie soos hierdie is 'n gevoel van verbittering, vyandskap of wat ook al nooit 'n goeie raadgewer of leermeester nie en oorhaastige optrede t.o.v. iets wat ongetwyfeld jou hele verdere lewe gaan beïnvloed, sou in elk geval hoogs onraadsaam wees.

Aan die ander kant wil ek jou ook nie hierdie of daardie kant toe beïnvloed nie: jy is al volwasse genoeg om 'n volwasse besluit te neem in hierdie verband. Slegs drie oorwegings wil ek tog egter onder jou aandag bring en vra dat jy ernstig oor hulle nadink:

1. 'n Mens se kerk en besondere soort godsdiens is, dikwels onopgemerk en onbewustelik, baie nou verweef met jou hele persoons-agtergrond en individuele persoonlikheid. Jy kan nie van jou kerk ontslae raak soos van 'n ou baadjie nie — hy is deel van jou hele menswees. Om van hom ontslae te raak kos 'n drastiese operasie, iets wat van jou weggeskeur word, 'n baie definitiewe persoonlike verlies. Om te praat van „die kerk van ons vaders" klink miskien platvloers en goedkoop sentimenteel, en tog steek daar veel basiese waarheid in hierdie primitiewe sentiment. Jou kerk, die kerk van jou vaders, is deel van jouself, van jou geskiedenis, net soos jou voorgeslagte, jou volk, jou vaderland, jou taal . . .

2. Die voertaal bly 'n probleem. Of jy nou daarvan hou of nie, Afrikaans is jou moedertaal en Afrikaans is ongelukkig nie die gebruikstaal in die

*Metodistekerk nie. Sy taal is Engels,* net soos sy voorgeskiedenis 'n suiwer Engelse is wat hom nie hier op Suid-Afrikaanse bodem afgespeel het nie. Hoewel nie direk nie, sou jy tog ook iets inboet van jou eie taal en kultuur waarnee ons N.G. Kerk, met al sy foute, so innig verweef is.

3. Van foute gepraat: die N.G. Kerk het baie, en vandag is daar meer met hom verkeerd as seker in enige stadium in sy geskiedenis. (Hieroor kan ek 'n boek skrywe). Maar **alle** kerke het foute, soos tewens die hele Kerk van Christus op aarde, en foute is daar, as 'n uitdaging aan die gelowiges in *die kerk*, om reggestel te word. Somtyds word 'n mens moedeloos en verval jy in die versoeking om jou blind te staar op die foute in jou eie kerk, om jou hande van die hele ding te was, om daaruit pad te gee en êrens 'n meer herbergsame geestestuiste te gaan soek. Dit is egter die *pad van 'n weghardloper en 'n lafaard* — tewens ook dié van 'n huigelaar en 'n Fariseër.

Die kerk is één liggaam, waarvan ook ék 'n lid is. As die kerk foute het, dan is hulle, hoe indirek ook al, my foute ook. En as dit dan werklik net die ander man is wat foute maak, *en nie ek nie, dan is dit* my Christelike plig om hom daarop te wys, hom te vermaan en te bestraf en uiteindelik — as hy hom verhard in sy kwaad — toe te sien dat hy uitgewerp word uit die kerk: dat die kanker uitgesny word uit die siek liggaam.

Dit is waarom ek persoonlik nog nie uit die N.G. Kerk (my eie kerk wat besig is om uiters onredelik op te tree teen sy lede wat aan die Christelike Instituut behoort) bedank en die maklike weg ingeslaan het na 'n ander kerk nie. Dit is per slot van sake ook my kerk, net soos dit my vader (jou oupa) en my grootvader s'n was. Die kerk behoort nie uitsluitlik aan diegene wat vandag besig is om 'n karikatuur daarvan te maak nie. Ek en dié wat soos ek dink, besit net soveel regte as húlle, ook binne-in die kerk. En in laaste instansie behoort die kerk, ook ons misleide en verdwaalde kerk, aan die Here self. Hy is die Here van die kerk, ook van die N.G. Kerk, en Hy sal op Sy eie tyd toesien dat *die sonde wat tans daarin voortwoeker*, gestraf en uitgewis word, sodat ál sy kinders, sy gekwelde Afrikanerkinders, weer daarin tuis mag voel.

Ek vind dit besonder moeilik om jou van oorwoë en onbevooroordeelde ouerlike raad te bedien. Die keuse is uiteindelik jou eie en ek sal my vreugdevol en sonder veroordeling daarin berus. Al waarteen ek wou en moet waarsku is 'n moontlike valse motivering vir jou voorneme.

En dan nog net een laaste nagedagte: onthou dat dit, op die keper beskou en in laaste instansie, wesenlik hoegenaamd geen saak maak by watter kerk jy besluit om aan te sluit nie. Uiteindelik vorm elke kerk, hoe *eng seksionalisties en in wese* verworde ook al, deel van die één Kerk van onse Here Jesus Christus hier op aarde. Deur aan te sluit by enige bepaalde kerk, distansieer jy jouself nie van hulle wat behoort tot ander en skynbaar vreemde kerke nie, maar tree jy juis in 'n gemeenskap met alle gelowiges in alle kerke oor die wye wêreld heen. Wesenlik word jy persoonlik dan 'n nederige lidmaat van die liggaam van Christus en tree jy in 'n volwaardige gemeenskap, nie alleen met al die ander, dikwels baie van joú verskillende, lede nie, maar veral ook met Hom, die Hoof van sy één en enige Kerk op aarde. Mag jy die genade ontvang om dít met ootmoed en lewenstoewyding te doen.

Jammer as dit alles so effens soos 'n preek klink, maar dit kry jy daarvan as jy my eers oor hierdie kerkonderwerp aan die praat kry.

Sterkte in jou studies en al my *liefde,*

PAPPA.